Erkennings

* Klavierverwerkings van vorige verwerkte materiaal, asook oorspronklike verwerkings van ***1963, The Flying Dutchman, Kom dans harlekyntjie, Hot Gates en Die Ballade van Jakob F. de Beer*** – David Taljaard

* H.M. Sirayi van die 'Department of African Lauguages', Unisa; en J. Claughton van die 'Department of African Languages', Rhodes Universiteit vir hulle hulp met Xhosa uitspraak en grammatika.

* Liz Tittlestad vir hulp met handgebaartaal.

Vir Truk Musiek

| | |
|---|---|
| **Eva Takacs-Stead** | Administratiewe Hoof |
| **Theresa van Staden** | Sekretaresse |
| **Elsie Viljoen** | Senior Organiseerder |
| **Arnold Cloete** | Organiseerder |
| **Arauna Palm** | Senior Publisiteitsbeampte |
| **Therése Pretorius** | Publisiteit/Organiseerder |
| **Anneli van Rooyen** | Aanbieder: Kerslig, Vers & Melodie |
| **Leon Barnard** | Verhoogbestuurder |

Vir hierdie produksie

| | |
|---|---|
| **Leon Barnard** | Verhoogbestuurder |
| **Clinton Steward** | Vaste Verhoogbestuurder |
| **Hardus Koekemoer** | Beligtingsontwerp |
| **Dawie Nolte** | Klankoperateur |
| **Heiko Boehm** | Klankoperateur |
| **Angie de Jager** | Kolligoperateur |

1994 TRUK Musiek

# laurika RAUCH

# ÓÓR-BRUG

Pianis
David Taljaard

Regié
Deon Opperman

THÉÂTRE RENDEZVOUS
STAATSTEATER PRETORIA
14 NOV - 3 DESEMBER – 20:00

COMPUTICKET

**Regisseursnota**

Of mens nou in die noodlot glo of nie, gooi die lewe soms draaie wat jou wraggies laat wonder of daar nie tog iewers 'n poppemeester 'n paar toutjies aan die trek is nie. Vier jaar gelede het ek vir Laurika net geken as die stem van ***Kinders van die Wind***. Toe gaan ek vir drie jaar oorsee. Eendag, terwyl ek in Chicago gewoon het, kom 'n Suid-Afrikaanse vriendin daar aan. Dié vriendin het toevallig vir Freek Robinson geken, wat (weer eens) toevallig die lied, ***Kon jy Raai*** vir Laurika geskryf het. Freek het vir my vriendin 'n opname van Laurika se CD, ***Die Gang*** gegee om saam te vat Amerika toe. Sy gee toe die opname vir my en met die eerste luister raak ek toe ook, soos vele ander voor my, verslaaf aan Laurika Rauch.

Maande later, op toer deur Italië, sit ek een aand in Floraans, my lyf dáár, maar my hart in Suid-Afrika. En op 'n rowwe stuk papier skryf ek 'n lied. ***Ek ken haar nie***, het ek vir my vrou gesê, "maar hierdie lied is vir Laurika".

Teruggekom in Suid-Afrika het ek moed bymekaargeskraap en vir Laurika gebel (die nommer het ek by Freek gekry): "Hallo Laurika, jy ken my nie, maar ek het vir jou 'n liedjie geskryf." Ek het die lied vir haar gegee en huis toe gegaan. Maande later lui 'n telefoon weer – die keer myne. Dis Laurika: sal ek haar nuwe "show" regisseer? En so het ek, deur haar stem, by Laurika uitgekom.

Maar daar is 'n ander man wat ook deur hierdie stem, en die mens daaragter, geïnspireer word: Christopher Torr. Meer as die helfte van die liedjies in hierdie opvoering is deur hom geskryf. Chris is ook toevallig Laurika se man. 'n Rare vennootskap tussen pen en stem. En net so raar is die musikale verhouding tussen Laurika en pianis, David Taljaard. Twee mans: Chris en David en 'n vrou.... Laurika Rauch. Dit is vir my 'n eer om onder sulke geselskap getel te word.

Laastens: ek het tot dusver die woord 'liedjies' gebruik; maar dit is my mening dat soos in die tradisie van die 'bards' van oudertyd, sing Laurika nie liedjies nie.... sy sing volkspoësie.

Deon Opperman

# OOR-BRUG

met
**Laurika Rauch**
Klavier – David Taljaard
Regié – Deon Opperman

| | |
|---|---|
| **Niks hang so rooi...** | Boerneef/Laurika Rauch Gallo Music Pub. /SAMRO |
| **Septemberland** | Rika Nel/ Gerhard Labuschagne SAMRO |
| **Die tyd stap aan** | Lucas L. Maree |
| **1963** | Christopher Torr |
| **Die Nostalgie** | Kalla Bremer/Don Clarke C. and G. Music |
| **Die Ballade van Jakob F. de Beer** | Christopher Torr. Select Musiek |
| **Kyk hoe glinster die maan** | Udo Jürgens/F.Lehman/ Christopher Torr |
| **Stuur groete aan Mannetjies Roux** | Christopher Torr MacVilla |
| **Liza se klavier** | Koos Kombuis |
| **Stille Waters** | Christopher Torr |
| **The Flying Dutchman** | Christopher Torr |
| **Die Gang** | Christopher Torr |
| **Die Liggie/Kom dans harlekyntjie** | Deon Opperman |
| **Hot Gates** | Christopher Torr |